



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2012

**PUNTE: 80**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 29 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.

5. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: ongeveer 40 minute
   AFDELING B: ongeveer 55 minute
   AFDELING C: ongeveer 55 minute

**INHOUDSOPGAWE**

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

| **AFDELING A: GEDIGTE**<br>**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.** | | | |
|---|---|---|---|
| **VRAAGNOMMER** | **VRAAG** | **PUNTE** | **BLADSY** |
| 1. Vroegherfs | Opstelvraag | 10 punte | 5 |
| **OF** | | | |
| 2. Busrit in die aand | Kontekstuele vraag | 10 punte | 6 |
| **OF** | | | |
| 3. Die straatkind | Kontekstuele vraag | 10 punte | 7 |
| **OF** | | | |
| 4. Kwatryne | Kontekstuele vraag | 10 punte | 8 |
| **EN** | | | |
| **ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND): Beantwoord ENIGE EEN vraag.** | | | |
| 5. Krisis | Opstelvraag | 10 punte | 10 |
| **OF** | | | |
| 6. Krisis | Kontekstuele vraag | 10 punte | 11 |
| | | | |
| **AFDELING B: ROMAN**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 7. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Opstelvraag | 25 punte | 12 |
| **OF** | | | |
| 8. *Die kwart-voor-sewe-lelie* | Kontekstuele vraag | 25 punte | 12 |
| | | | |
| 9. *Manaka Plek van die Horings* | Opstelvraag | 25 punte | 15 |
| **OF** | | | |
| 10. *Manaka Plek van die Horings* | Kontekstuele vraag | 25 punte | 15 |
| | | | |
| 11. *Vatmaar* | Opstelvraag | 25 punte | 19 |
| **OF** | | | |
| 12. *Vatmaar* | Kontekstuele vraag | 25 punte | 19 |
| **AFDELING C: DRAMA**<br>**Beantwoord EEN vraag.*** | | | |
| 13. *Krismis van Map Jacobs* | Opstelvraag | 25 punte | 22 |
| **OF** | | | |
| 14. *Krismis van Map Jacobs* | Kontekstuele vraag | 25 punte | 23 |
| | | | |
| 15. *Mis* | Opstelvraag | 25 punte | 26 |
| **OF** | | | |
| 16. *Mis* | Kontekstuele vraag | 25 punte | 26 |

* **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C.

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE WAT BEANTWOORD MOET WORD. | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5–6 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag) | 7–12 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag) | 13–16 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

### VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vroegherfs – NP van Wyk Louw**

Die jaar word ryp in goue akkerblare,
in wingerd wat verbruin, en witter lug
wat daglank van die nuwe wind en klare
son deurspoel word; elke blom word vrug,
tot selfs die traagstes; en die eerste blare val
so stilweg in die rook-vaal bos en laan,
dat die takke van die lang populiere al
teen elke ligte more witter staan.
O Heer, laat hierdie dae heilig word:
laat alles val wat pronk en sieraad was
of enkel jeug, en ver was van die pyn;
laat ryp word, Heer, laat U wind waai, laat stort
my waan, tot al die hoogheid eindelik vas
en nakend uit my teerder jeug verskyn.

[Uit: *Die halwe kring*, 1937]

Bespreek die sonnet, *Vroegherfs*, in ’n opstel van 250–300 woorde deur aandag te gee aan die volgende:

- Die INNERLIKE bou van hierdie gedig (TWEE feite)
- Die tweeledige stropingsproses wat hier ter sprake is (TWEE gemotiveerde feite)
- Hoe leestekens tot die skep van betekenis bydra (DRIE gemotiveerde feite) **[10]**

**OF**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Busrit in die aand – Elisabeth Eybers**

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Skaduwee-skimme gly verby ... Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor ’n dam die blinkpad na die maan.

Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand ...

Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand

terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë ...
Asof hul jammerlik hul lot kan raai

sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

[Uit: *Die stil avontuur*, 1939]

2.1 Watter frase gebruik die spreker in strofe 1 om aan te dui dat die werkers nie met mekaar praat nie? (1)

2.2 Watter tegniek wend die digter in strofe 1 aan om die passasiers in die bus te beklemtoon? (1)

2.3 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (2.3) en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Die woord *Skaduwee-skimme* (reël 4) ...

A word hiperbolies gebruik.
B is ’n voorbeeld van ’n vergelyking.
C is ’n voorbeeld van toutologie.
D verbreek die vaste rympatroon. (1)

2.4 Haal ’n frase uit strofe 3 aan wat aandui dat die stadsmens nie oor ’n wil van sy eie beskik nie. (1)

2.5 Met watter woord in strofe 3 hou die woord *laat* in strofe 2 verband? (1)

2.6 Hoe weet die leser dat die bus volgens strofe 4 sukkel om teen die steilte uit te ry? (1)

2.7 Verduidelik hoe die rymskema die tema van die gedig ondersteun. (2)

2.8 Dink jy die spreker is regverdig in haar stereotipering van stadswerkers in ’n bus op pad huis toe?

Verduidelik jou antwoord. (2)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Straatkind – Linda Roos**

ek wou verbymik met die selfbewuste ongeërgde blik
wat ons vir bedelaars en pendelaars en hoere reserveer –

verby die kind wat eenkant om die vullisdromme snuif
wat sy skraal skouers gereed dra soos spiese
of ’n heining: maar agter dié heining
het sy vuil hemp skielik opgekrimp soos ’n ou roof
en ’n toegepleisterde wêreld
op die sypaadjie laat bloei
waar bome onder die skril bevel van sae steun
konyne spartel in steriele laboratoriums
en lammers teen die slagterslem

en daar was wysheid in die lug
(nes dié ander dag uit wolke)
maar soos van ou mans met klam monde op parkbankies
en kras soos kraaie

toe ek wegdraai was daar ’n geruis in my ore
en onverklaarbaar teen my wang die bloedveeg
van ’n vlerk

[Uit: ’*n Hokvol dwase*, 1986]

3.1 Wat bedoel die spreker in reël 1 met *ek wou verbymik*? (1)

3.2 Waarom gebruik die spreker die woord *reserveer* in reël 2 eerder as die woord *bêre*? (1)

3.3 Wat probeer die alliterasie in reël 4 oor die straatkind se houding teenoor die samelewing weergee? (1)

3.4 Waarmee word die straatkind se opgekrimpte en vuil hemp vergelyk? (1)

3.5 Noem enige TWEE van die ander vorms van geweld wat volgens die gedig daagliks regoor die wêreld plaasvind en skryf dit in jou EIE woorde neer. (2)

3.6 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (3.6) en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

*waar bome onder die skril bevel van sae steun* (reël 9) is ’n voorbeeld van ...

A personifikasie.
B enjambement.
C rymdwang.
D antitese. (1)

3.7 Skryf die tema van die gedig in jou eie woorde neer. (1)

3.8 Noem enige TWEE faktore waaraan jy kan dink wat veroorsaak dat dié kind in die gedig op straat beland het. (2)
**[10]**

**OF**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande kwatryne en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Kwatryne – Ina Rousseau**

**10**
Agter die skerms, lank reeds gegrimeer
aanskou ek die verhoog se glans en kleur
en wag dat u my toelaat om oplaas
my rol te gaan vertolk, o Regisseur.

**11**
As daar applous was vir die laaste maal
en U die décor moeg na onder haal
sal U vir ons wat ons kostuums uittrek
volgens ons moeite en geduld betaal?

**12**
In hierdie klug vergeet soms ’n akteur
heel onverwags sy reëls en loer versteur
na die coulisses links en regs
maar geen souffleur se stem dring tot hom deur.

**13**
Ofskoon die saal se ligte nie meer brand
vra menigeen aan die verhoog se kant
nog steeds: Is ek van hierdie klug die held
of teen die agterdoek ’n figurant?

[Uit: *Die verlate tuin*, 1954]

4.1 Haal enige woord uit kwatryn *10* aan wat daarop dui dat die gedig se inhoud vanuit die toneelwêreld ontstaan het. (1)

4.2 Watter woord gebruik die spreker in kwatryn *11* om die verwagting wat sy van die gehoor het, te verduidelik? (1)

4.3 Skryf 'n woord uit kwatryn *12* neer wat daarop dui dat die spreker die lewe en die reëls waarvolgens 'n mens behoort te leef, nie baie ernstig opneem nie. (1)

4.4 Noem die stylfiguur wat in kwatryn *12*, reël 1 aangetref word. (1)

4.5 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.5) en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Die *souffleur* (kwatryn *12*) se funksie is om ...

A die spreker se speelruimte weg te neem.
B vir die spreker riglyne vir die lewe te gee.
C die spelleier vir die lewe te wees.
D die spreker se masker af te haal. (1)

4.6 Waar vind die wending in kwatryn *13* plaas? (1)

4.7 Wat wil die spreker eintlik met die eerste deel van die retoriese vraag in kwatryn *13* vra? Skryf dit in jou EIE woorde neer. (1)

4.8 Wat is die funksie van die herhalende aaba-rympatroon in kwatryn *13*? (1)

4.9 Hoekom dink jy bestaan die indruk by die spreker dat die lewe soms toneelspel is? (2)
**[10]**

**EN**

**ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)**

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

**VRAAG 5: OPSTELVRAAG**

**Krisis – Elisabeth Eybers**

Dis hier waar ons twee skei – jy, Hart, en ek,
albei tot afskeid so onvoorbereid.
Die weg was lieflik waarlangs jy gelei't
maar dis verby, al staar jy terug. Nou strek
die pad langs klowe, afgrond en moeras.
Voortvarend en 'n lafaard soos altyd
en nooit in staat tot enige besluit
en siek daarby, is jy nou net 'n las.

Jy was die gas en gasheer by die fees,
die seremoniemeester en die nar:
jou dwase raad kan net die Hoof verwar
waar elke tree die laaste tree mag wees.
Kyk, dit word laat, die kermis is verby,
kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

[Uit: *Groot Verseboek*, 2000]

In hierdie gedig word die konflik tussen die Hart (emosies) en die Hoof (rede) uitgebeeld.

BESPREEK hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde deur die volgende aan te spreek:

- Hoe die innerlike kenmerke van die gedig die Hoof (rede) se gesprek met die Hart (emosies) ondersteun (DRIE gemotiveerde feite)
- Wat die Hoof van die Hart dink (DRIE gemotiveerde feite)
- Jou mening of die titel die tema van die gedig ondersteun (EEN gemotiveerde feit) **[10]**

**OF**

## VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

**Krisis – Elisabeth Eybers**

Dis hier waar ons twee skei – jy, Hart, en ek,
albei tot afskeid so onvoorbereid.
Die weg was lieflik waarlangs jy gelei't
maar dis verby, al staar jy terug. Nou strek
die pad langs klowe, afgrond en moeras.
Voortvarend en 'n lafaard soos altyd
en nooit in staat tot enige besluit
en siek daarby, is jy nou net 'n las.

Jy was die gas en gasheer by die fees,
die seremoniemeester en die nar:
jou dwase raad kan net die Hoof verwar
waar elke tree die laaste tree mag wees.
Kyk, dit word laat, die kermis is verby,
kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

[Uit: *Groot Verseboek*, 2000]

6.1 Wat word die eerste strofe genoem wat uit agt versreëls bestaan? (1)

6.2 Gee die funksie van die aandagstreep in reël 1. (1)

6.3 Haal 'n frase uit reël 1–4 aan wat daarop dui dat die Hart nie die skeiding wil aanvaar nie. (1)

6.4 Verduidelik die kontras wat in reël 6–8 voorkom. (2)

6.5 Waarop dui die dubbelpunt in reël 10? (1)

6.6 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (6.6) en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

*die seremoniemeester en die nar* (reël 10) is 'n voorbeeld van ...

A enjambement.
B inversie.
C metafoor.
D vergelyking. (1)

6.7 Haal die kerngedagte uit die sestet aan. (1)

6.8 Wat is, volgens jou, die tema van hierdie gedig? (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**EN**

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

### VRAAG 7: OPSTELVRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

In hierdie roman tree Iris as een van die belangrikste karakters op.

BESPREEK hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur aandag aan die volgende aspekte te skenk:

- Die redes waarom Iris die belangrikste karakter is (TWEE feite)
- Enige vier karaktereienskappe van Iris (VIER gemotiveerde feite)
- Hoe Iris se karaktereienskappe met dié van Elsa kontrasteer (DRIE gemotiveerde kontraste)
- Jou gemotiveerde mening of Iris deur die loop van die roman as karakter ontwikkel (DRIE gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

### VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG

***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

Ons was terug op die sypaadjie voor ek agtergekom het waaroor alles gegaan het. Joe het my op albei wange gesoen, gesê hy sal my halftien by die hotel kom oplaai en terug in die gebou gedans. Ek en Peter het ná 'n lang gesukkel 'n taxi gekry en vir die soveelste keer die verkeer ingevaar. Hy het nie 'n dooie woord gesê nie.

"Ek het jou al vertel van my naam," het ek gesê toe ek die stilte nie langer kon verduur nie. "En dat ek glo ek sal een-keer blom. Nou, soos ek dit sien … wie sê dis nie nou my kans nie?"

"Jy's dwaas," het die Engel met 'n lae stem gesê.

Ek was sommer ergerlik. "Ag, bly stil."

Peter het seergemaak gelyk. "Ek het nie 'n woord gesê nie."

"Ek het nie met jou gepraat nie."

"Met wie dan?"

Ek het koppig geswyg en die bestuurder se oog in die spieëltjie gevang.

"Where're you folks from?" het hy gevra.

"Suid-Afrika," het ek skerp gesê.

"Weird language," het hy gesê. "What is it?"

"Afrikaans."

"Jou ouers moes jou nooit Iris gedoop het nie," het Peter skielik losgetrek. "Hulle moes jou Anna of Marie genoem het."

8.1 Noem nog EEN ander betekenis wat Iris aan haar naam (reël 8–9) heg. (1)

8.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.

Iris beleef haar blomgeleentheid tydens haar besoek aan Peter. (2)

8.3 Kies die blomtyd in KOLOM B om by 'n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.3.1–8.3.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.3.1 | Elsa ... | A | beskou haar lewe met sweismasjiene as haar blomtyd. |
| 8.3.2 | Ma ... | B | haar blomtyd was toe sy haar kinders gekry het. |
| 8.3.3 | Kara ... | C | blom sedert sy die verhouding met Claude begin het. |
| | | D | blom deur haar vrieskas alfabeties te organiseer. |

(3)

8.4 Hoe verskil die Engel se siening van die blomtyd van dié van Iris? (2)

8.5 Watter emosie toon die aangesprokene met die aanhoor van die naam Marie in reël 23? (1)

8.6 Elke roman word vanuit 'n spesifieke vertellersperspektief aangebied.

8.6.1 Watter vertellersperspektief tref ons in hierdie uittreksel aan? (1)

8.6.2 Watter nadeel hou hierdie vertellersperspektief vir die leser in? (1)

8.7 Hoe ondersteun Peter se handeling in bostaande uittreksel die gebrekkige kommunikasie tussen Peter en Iris? (1)

**EN**

**TEKS 2**

Peter sou hulle vertel van my naam en sy betekenisse en hulle sou vir my lag. Goedig, maar tog. Ek sou al die irisse in ons tuin uitspit en aan ’n vriendin skenk sodat ek nie gedurig geterg sou word nie. Maar ek sou hulle vertel van Ma se kwart-voor-sewe-lelie.

“Dit word nou-nou lig,” het die Engel vir my gesê. “Jy het my nie verder nodig nie.”

“Ek het gedink ek gaan Bettie red,” het ek gesê. “En almal sou my bewonder en op die skouer klop oor my flink optrede. Toe het sy nie regtig gif gedrink nie en ek gly in die sneeu en breek my enkel.”

“Tja,” het die Engel gesug. “Die lewe is nie ’n storieboek nie.”

“En ’n naam is net ’n naam.”

“Is so,” het hy saamgestem.

Die rooi kat het oor sy skouer na ons gekyk, maar toe hy my oog vang, het hy vinnig weggekyk en sy neus weer teen die muur gedruk.

“Net voor jy gaan,” het ek gesê. “Ek wil jou vertel van ’n lelie in my ma se tuin. Dit was maar altyd daar, een van daardie groen plante wat jaar na jaar ’n hoek vol maak sonder om iets dramaties te doen.”

8.8 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (8.8) en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

In watter ruimte speel die gebeure in hierdie uittreksel af?

A In die hotelkamer
B In die hospitaal
C In Ma se huis
D In die spreekkamer (1)

8.9 Watter karaktereienskap kan jy van Iris uit reël 1–5 aflei? (1)

8.10 Watter opdrag gee die Engel vir Iris tydens hierdie gesprek (reël 6–7)? (1)

8.11 Die Engel speel ’n belangrike rol in die roman.

8.11.1 Om watter rede het Iris die Engel nodig (reël 6–7)? (1)

8.11.2 Hoe sluit die motto (*Angels can fly because they take themselves lightly*) voor in die boek by die fantasiewêreld van Iris aan? (2)

8.12 Betty word in Vermont siek.

8.12.1 Hoe het Iris geweet om Betty te gaan help? (1)

8.12.2 Watter raad gee Peter vir Iris om Bettie te help? (1)

8.13 Is die volgende situasie ’n voorbeeld van insig waartoe Iris gekom het? Motiveer jou antwoord.

Iris sê dat die werklikheid saam met Peter beter as die fantasiewêreld is. (2)

8.14 Haal ’n sin uit TEKS 1 aan wat by reël 19–22 in TEKS 2 aansluit. (1)

8.15 Hoe sluit die lelie in Ma se tuin by die tema van die roman aan? (2)
**[25]**

**OF**

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

In hierdie roman tree Baas as een van die belangrikste karakters op.

BESPREEK hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde deur aandag aan die volgende aspekte te skenk:

- Die redes waarom Baas die belangrikste karakter is (TWEE feite)
- Enige vier karaktereienskappe van Baas ( VIER gemotiveerde feite)
- Hoe Griesel se karaktereienskappe met dié van Baas kontrasteer (DRIE gemotiveerde kontraste)
- Jou gemotiveerde mening of Baas deur die loop van die roman as karakter ontwikkel (DRIE gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

**VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**

***MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS* – Pieter Pieterse**

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

Met die jare kry hy langs sy hut ’n skooltjie aan die gang waar hy ’n klompie Malozi-kinders onder ’n worsboom met die vinger in die sand leer skryf en somme maak. Hulle leer ook lees en Engelse kerkliedjies sing – die enigste liedjies wat hy uit sy kinderjare onthou. Sy Sakbybeltjie staan in vir die leeswerk. Sondae word die ruwe kiaathoutbankies onder die worsboom die kinders en sommige ouers se kerk. Hy noem dit Manaka Evangelical Mission …

’n Passie om die noordelike wildernisgebiede van Afrika toegankliker te maak dryf Dennis Chipman. Eendag, glo hy, sal hy ’n boot hê om mense en goedere op die Zambezi te vervoer.

10.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord.

Dennis Chipman (reël 11) se droom om ’n boot te hê om mense en goedere op die Zambezi te vervoer, word uiteindelik bewaarheid. (2)

10.2 Noem TWEE maniere waarop Dennis beplan om geld vir die bou van sy boot te bekom. (2)

10.3 Verduidelik hoe Dennis Chipman in Suid-Afrika ’n bestaan gemaak het. (2)

10.4 Elke roman word vanuit ’n spesifieke vertellersperspektief aangebied.

10.4.1 Watter vertellersperspektief tref ons in hierdie uittreksel aan? (1)

10.4.2 Watter nadeel hou hierdie vertellersperspektief vir die leser in? (1)

**EN**

**TEKS 2**

Die drie mense sit onder die kombuisafdak op Baas se houtstompe. Onderkant die worsboom rus die boot met die doodgeverfde naam in die aandskemering op sy stellasie. Oom Scholtzie bid en breek die brood wat Nanna gebring het. Hulle gee die blikbeker van hand tot hand aan. Tussen die langstingelworse bokant hulle koppe roep ’n bosuil. Op Nambwe-eiland, oorkant Manaka, raak die seekoeie bedrywig. Dit word tyd om te gaan wei. Uit sy slaapplek in die knoppiesdoring rol die janfrederik sy slaaptydliedjie op hulle oortromme af. Die honde lyk rustiger.

Griesel toets die bastoutjies waarmee die deur van die groot hut toegemaak is, een oog op die honde, die ander op Nanna. “Is dit nou ’n goeie voorbeeld vir jou gemeente?” vra hy.

“Ek dink nie die gebruik van brood en wyn is ’n slegter voorbeeld as inbraak nie.” Nanna sit die beker in ouma Essie se hand.

“Vergelyk tog appels met appels, Nanna. Die muskiete vreet ons op. Ons moet beskutting kry. Ons moet ’n slaapplek hê. Geen Christenmens sal ’n ander verkwalik as jy onder sulke omstandighede sy hut gebruik nie.”

“Aan die ander kant, muluti Krieseltjie, ek sal nie

ongenooi by ’n vreemde man se huis ingaan nie. Alle wit mense is ook nie Christenmense nie …”

Oom Scholtzie staan op. “Môre is nog ’n dag. Dan kan ons begin planne maak, al moet ek ’n paar dae langer hier by Manaka oorbly. Ek sal die muskietnette gaan afpak. Ons kan ons matrasse hier onder die man se afdak ooprol.”

“Daar is ook plek in my huis, muluti. Tibelelo se hut staan leeg.” Ouma Essie druk op die kierie. Haar maer lyf kom krakerig regop …

Oom Scholtzie gaan bêre die wyn wat oorgebly het. “Ek sal jou wegbring Mubuyu toe, ouma Essie. Ons sal regkom hier onder die afdak.”

“Ek slaap nie daar nie,” sê Griesel.

Die bastou breek. Die honde storm.

10.5 Wat kan die leser uit Griesel se handeling in reël 12–15 van sy karakter aflei? (1)

10.6 Wat is ironies rondom Griesel se handeling en dialoog in reël 12–15? (2)

10.7 Watter handeling in die uittreksel illustreer dat Griesel weet sy optrede is verkeerd? (1)

10.8 Haal ’n sin uit die uittreksel aan om te wys dat Griesel swak interkulturele verhoudings gehad het. (1)

10.9 Slaapplek vir die sendelinge op Manaka raak ’n probleem.

10.9.1 Watter EEN van die karakters in hierdie aangehaalde gedeelte probeer die situasie rondom die slaapplek oplos? (1)

10.9.2 Dink jy hierdie karakter is geloofwaardig as vredemaker in al sy/haar ander optredes? Motiveer jou antwoord. (2)

10.10 *Tussen die langstingelworse bokant hulle koppe roep ’n bosuil. Op Nambwe-eiland, oorkant Manaka, raak die seekoeie bedrywig.*

10.10.1 Watter atmosfeer skep die verwysing na die diere se geluide? (1)

10.10.2 Daar is ’n wyfie bosuil en mannetjie bosuil in die worsboom. Die wyfie soek eerste toenadering met haar geroep.

Kan daar ’n verband gelê word met hierdie twee uile se roep na mekaar en Grace en Baas se verhouding? Motiveer jou antwoord. (2)

10.11 Kies die verwysing in KOLOM B om by 'n hond in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (10.11.1–10.11.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 10.11.1 Lady ... | A dien as 'n herinnering aan Baas se verbintenis met die verlede. |
| 10.11.2 Brindle ... | B is ook 'n verwysing na Baas se ma. |
| 10.11.3 Longwané ... | C weerspieël ook Baas se houding jeens Riekert. |
| | D is die leierhond. |

(3)

10.12 Waarmee word die worsboom met die bankies in Manaka sterk geassosieer? (1)

10.13 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (10.13) en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Watter van die karakters hieronder het vanuit die staanspoor die tema, respek teenoor alle mense, uitgeleef?

A Baas
B Griesel du Pisani
C Meneer Kebbey
D Riekert (1)

10.14 Voltooi die volgende sin:

Griesel kom tot selfinsig dat ... (1)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 11: OPSTELVRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

In hierdie roman tree Oom Chai as een van die belangrikste karakters op.

BESPREEK hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur aandag aan die volgende aspekte te skenk:

- Die redes waarom Oom Chai 'n belangrike rol in die nedersetting Vatmaar speel (TWEE feite)
- Enige vier karaktereienskappe van Oom Chai (VIER gemotiveerde feite)
- Hoe Oom Chai as karakter met Ta Vuurmaak vergelyk (DRIE gemotiveerde vergelykings)
- Jou gemotiveerde mening of Oom Chai deur die loop van die roman as karakter ontwikkel (DRIE gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

## VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG

***VATMAAR* – AHM Scholtz**

Lees die onderstaande uittreksels deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

**TEKS 1**

Daai Saterdagmiddag het Chai my by my kaija kom sien. Hy het 'n bottel sjerrie saamgebring en hy het my vertel hoe hy aan 'n plan vir Vatmaar gekom het ...

My stert van die storie is, het Ta Vuurmaak gesê, dat Chai en sy George met vier volk gekom het en twee hope van die vatmaar-goed gemaak het. Toe het Chai 'n halfkroon gevat en vir sy George gesê: Heads or tails? Chai kon eerste kies. Toe het hulle hulle se goed gevat na wat hulle hulle erwe genoem het.

You, Vuurmaak, het die Engelsman vir my gesê, are well looked after. Take this brick mold and start your own business. People will soon need bricks to build their houses. Only the three of us know how you got the tank, and with your monthly pension you can live like a king.

Ek het party van die manne wat nie werk gehad het nie, of wat afgedank is, aan die stene maak gesit. Van elke drie wat gemaak is, was twee die maker s'n en een myne.

Na die winter was Chai en sy George se eenkamer-huise so lat hulle kon intrek – Chai alleen en Oupa Lewies met sy jong vrou en een van haar ou tantes.

12.1 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord.

Oom Chai is 'n slim onderhandelaar. (2)

12.2 Noem enige TWEE dinge wat Oom Chai op Vatmaar tot stand gebring het. (2)

12.3 Oom Chai se huwelik bring vir hom uiteindelik meer sorge as blydskap.

Stem jy hiermee saam? Motiveer jou antwoord. (2)

12.4 Elke roman word vanuit ’n spesifieke vertellersperspektief aangebied.

12.4.1 Watter vertellersperspektief tref ons in hierdie uittreksel aan? (1)

12.4.2 In *Vatmaar* is daar nie een verteller wat van die begin tot die einde optree nie – eerder ’n groep vertellers.

Watter voordeel hou dit vir die tema van die roman in? (1)

**EN**

**TEKS 2**

Ouma Lewies was die eerste om uit die kerk begrawe te word. Nadat die kis die kerk ingebring en op twee bankies neergesit is, het Oom Chai na Oupa Lewies toe geloop. Sonder ’n woord het hy George Lewies se Engelse Bybel gevat en sy eie Hollandse Bybel op die tafel neergesit. Hy het die Engelse Bybel oopgemaak en gelees: In my Father’s house are many mansions, if it were not so I would have told you so.

Die kerk was stampvol want Vatmaar se mense was deel van Ouma Lewies. En dit was ’n Sondag.

Toe vat hierdie witman die hande van sy twee gekleurde kinders en gaan staan by die koppenent van die kis. Hy het in die swart gesig van sy geliefde Ruth gekyk en in ’n mooi, ryk stem gesing: Rock of Ages, cleft for me, Let me hide myself in Thee ... Al vier verse ...

Langs die graf het Oom Chai met ’n gebroke stem Nader my God by U begin sing. Vatmaar het hierdie woorde geken en dit gesing asof dit uit een hart kom en asof hulle met die Hemelse Vader van Vatmaar praat. Daarna is die kis laat sak. Oom Chai het ’n paar handevol sand in die graf gegooi en in Engels gesê: Dust to dust, ashes to ashes – uit respek vir sy vriende se taal.

Terwyl die graf toegegooi word, het Oom Chai na Oupa Lewies se gesig gekyk, sy hand gevat en hom weggelei. Hulle het mekaar omhels soos net tweelinge kan.

12.5 Wat kan die leser uit Oom Chai se handeling in die kerk van sy karakter aflei? (1)

12.6 Kies die eienskap in KOLOM B om by ’n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (12.6.1–12.6.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 12.6.1 | Ma Khumalo … | A | het ondernemingsgees. |
| 12.6.2 | Tant Nonnie … | B | is ’n kansvatter. |
| 12.6.3 | Boitjie Afrika … | C | is liefdevol. |
| | | D | is opreg. |

(3)

12.7 *Toe vat hierdie witman die hande van sy twee gekleurde kinders en gaan staan by die koppenent van die kis* (reël 10–11).

12.7.1 Wat is oom Lewies se dogter se naam? (1)

12.7.2 Is hierdie karakter se optrede teenoor Nellie Ndola geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (2)

12.8 Oom Lewies het groot agting vir Ruth gehad.

Watter handeling van Tommy staan in kontras hiermee? (1)

12.9 Voltooi die volgende sin:

By die begrafnis van ouma Lewies kom die tema van Vatmaar as ’n ... duidelik na vore. (1)

12.10 Kies die korrekte antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (12.10) en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Watter EEN van die onderstaande karakters het swak interkulturele verhoudings geopenbaar?

A Oupa Lewies
B Ma Khumalo
C Piet de Bruin
D Ds. Pienaar (1)

12.11 Skryf ’n voorbeeld neer waar die gemeenskap van Du Toitspan goeie interkulturele verhoudings met die inwoners van Vatmaar openbaar. (1)

12.12 Die tema van onskuldige lyding tree sterk in die roman na vore.

12.12.1 Identifiseer ’n karakter wat in die roman innerlike konflik oor onskuldige lyding ervaar. (1)

12.12.2 Tot watter insig het hierdie konflik dié karakter gebring? (1)

12.12.3 Kenneth se lyding het ’n gelukkige einde. Verduidelik. (1)

12.12.4 Bennie O’Grady word onskuldig aan veediefstal bevind. Wat is ironies aan hierdie bevinding? (2)

12.12.5 Waarom sou jy sê is die tema van onskuldige lyding universeel? (1)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

**EN**

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

**LET WEL:** Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

**VRAAG 13: OPSTELVRAAG**

***KRISMIS VAN MAP JACOBS* – Adam Small**

In hierdie drama tree Map/Johnnie as een van die belangrikste karakters op.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde deur aandag aan die volgende aspekte te skenk:

- Die redes waarom Map/Johnnie die belangrikste karakter is (TWEE feite)
- Enige vier karaktereienskappe van Map/Johnnie (VIER gemotiveerde feite)
- Hoe Map/Johnnie se karaktereienskappe met dié van Cavernelis kontrasteer (DRIE gemotiveerde kontraste)
- Jou gemotiveerde mening of Map/Johnnie deur die loop van die drama as karakter ontwikkel (DRIE gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

## VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

***KRISMIS VAN MAP JACOBS*** **– Adam Small**

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

| | |
|---|---|
| TOMMY: | Hê, stop ’it nou regtig, man! Stop ’it nou! |
| CAVERNELIS: | *(hulpeloos, maar dreigend)*: Julle laat staan vir Blanchie! |
| CYRIL: | En hoekom nogal? ’Is mos die waarheid. Blanchie werk oek mos overtime, even Sondae oek! Net soes jy, ou dad … jy moet jou soft goods en Blanchie, well … Maar nou ja, geld is geld – it knows no colour, creed or race, soes daai whitey-vrinne van julle oek sê! *Mister Cavernelis staan net daar met die fiets, sy lippe beweeg, maar hy sê niks*. |
| RICHIE: | Dis colour-blind, ja. |
| CAVERNELIS: | *(met lippe wat bewe)*: Wat het julle teen Blanchie, hê? Wat het julle teen haar? *wat moeilikheid sien kom, kom nader en staan tussen Cyril en Cavernelis.* |
| TOMMY: | Ek sê, stop ’it nou, man! |
| CYRIL: | (*oor Tommy se kop*): Nee, nie tien Blanchie nie, ou dad, nie tien háár nie, dis tien jóú … |

14.1 In reël 1 is Tommy aan die woord.

14.1.1 Met wie praat Tommy? (1)

14.1.2 Hoe weet jy Tommy bedoel nie wat hy sê nie? (1)

14.1.3 Hoe verskil Tommy se woorde in reël 1 en reël 16 van sy optrede in die drama? (2)

14.2 Kies die eienskap in KOLOM B om by ’n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (14.2.1–14.2.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 14.2.1 Tommy … | A is ’n selfaangestelde politieke kommentator van die buurt. |
| 14.2.2 Cavernelis … | B het ’n ogie op Blanchie en is werkloos. |
| 14.2.3 Cyril … | C is ’n venynige moeilikheidmaker. |
| 14.2.4 Richie … | D het ’n ogie op Blanchie en is ’n skinderbek. |
| | E wil vir Blanchie net die beste toekoms verseker. |

(4)

14.3 ’n Drammateks bestaan uit die hoofteks en die neweteks/toneelaanwysings.

14.3.1 Hoe word die neweteks/toneelaanwysings in hierdie uittreksel aangedui? (1)

14.3.2 Wat is die funksie van die neweteks/toneelaanwysings in hierdie drama? (1)

14.3.3 Cavernelis is *hulpeloos, maar dreigend*. Hoe sluit hierdie teenstellende woorde aan by Cavernelis soos jy hom in die drama leer ken? (1)

14.4 Hoekom is dit vir Cavernelis nie die moeite werd om so hard te werk nie? (1)

14.5 Waarom voltooi Cyril nie die sin in reël 6 nie? (1)

14.6 Dink jy dat Cyril se verwysing in reël 7 na *colour, creed or race* direk by die tema van ’n uitsiglose bestaan in hierdie drama aansluit? Motiveer jou antwoord. (2)

14.7 Cavernelis se taalgebruik in reël 12–13 verskil opvallend van die taal wat Cyril in reël 4–8 gebruik.

14.7.1 Watter karaktereienskap van Cavernelis blyk uit sy taalgebruik? (1)

14.7.2 Teen watter milieu vind hierdie gesprek tussen Cavernelis en Cyril plaas? (1)

14.8 Blanchie se woorde later in die drama, "*Is alles Daddy se skuld*", sluit by Cyril se woorde in reël 17–18 aan.

Beïnvloed Blanchie se woorde, teen die einde van die drama, haar pa positief of negatief? Motiveer jou antwoord. (2)

**EN**

**TEKS 2**

| | |
|---|---|
| MAP: | Daar's … niks wat ons kan doen nie … Blanchie … Dit … moet nou … so gebeur … |
| BLANCHIE: | Daddy … Ek weet … ek … *(Dan skielik, hard.)* Johnnie … Wat het … met ons gebeur … Wat … Ek … is so … sleg … |
| MAP | *(sit sy hand op haar mond)*: Nee! ... Jy's ... goed ... |
| BLANCHIE: | Jy lieg ... Jy ... lieg, Johnnie ... lieg, lieg, lieg!!! |
| MAP | *(asof hy haar geskreeu nie hoor nie)*: Dit is ek wat sleg is ... Dis ... ek ... Blanchie ... Wat het met ons gebeur ... *(Hy hou haar vas, stýf; sy hom. Hy lig sy oë op.)* Apostel George! Here! Ma! ... Blanchie ... Blanchie ... Wat het met ons ... gebeur ... |
| BLANCHIE: | Ek is so vuil, Johnnie ... |
| MAP: | Jy is ... mooi ... |
| BLANCHIE | *(saggies)*: Johnnie ... Wat het ... van ons geword ... |
| | *'n Lang stilte* |
| MAP: | Alles ... en niks ... Blanchie ... |

14.9 Verduidelik waarom Map twee name het. (2)

14.10 Waarom sê Blanchie in reël 7 dat Map lieg? (1)

14.11 Hoekom roep Map (reël 10–11) na *Apostel George* en die *Here* in dieselfde asem? (1)

14.12 Is die *Alles … en niks …*-antwoord wat Map in reël 17 gee geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (2)
**[25]**

**OF**

## VRAAG 15: OPSTELVRAAG

***MIS* – Reza de Wet**

In hierdie drama tree Meisie as een van die belangrikste karakters op.

BESPREEK hierdie stelling in ’n opstel van 400–450 woorde deur aandag aan die volgende aspekte te skenk:

- Die redes waarom Meisie ’n belangrike karakter is (TWEE feite)
- Enige vier karaktereienskappe van Meisie (VIER gemotiveerde feite)
- Hoe Meisie se karaktereienskappe met dié van Miem vergelyk (DRIE gemotiveerde vergelykings)
- Jou gemotiveerde mening of Meisie deur die loop van die drama as karakter ontwikkel (DRIE gemotiveerde feite) **[25]**

**OF**

## VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

***MIS* – Reza de Wet**

Lees die onderstaande uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS 1**

MIEM: *(Kyk op. Hard)* O ja ... Onthou tog die slopemmer! Dis al twee dae! *(Sag aan MEISIE)* Weet jy, hy was die hele middag so onrustig. (*Tel weer haar voet op en laat dit op ’n stoel rus.)*

MEISIE: *(knik)* Ek het gehoor.

*’n Sagte huilwind word gehoor*.

MIEM: *(kyk op)* Heen en weer. Heen en weer. Sonder ophou.

MEISIE: Ja.

MIEM: Ek dink hy voel dit aan. Die onheil. As vannag tog net verby wil gaan. Al die verstandiges het voorsorg getref. Slotte en grendels. Luike toegespyker. Maar jy hoef jou nie te kwel nie, my kind. Ek sal die hele nag by jou waak.

MEISIE: Ja, Ma.

MIEM: Sit regop! Hoeveel keer moet ek dit nog sê? As jy ’n man wil hê, moet jy let op jou postuur.

*Hulle werk verder*.

| | |
|---|---|
| MIEM: | *(na 'n stilte)* Dan is dit altesame tweehonderd. Ek het vanmiddag gaan tel. Die ander honderd-en-sewentig is heeltemal vol en toegewerk. |

16.1 Met wie praat Miem in reël 1? (1)

16.2 'n Drateks bestaan uit die hoofteks en die neweteks/toneelaanwysings.

16.2.1 Hoe word die neweteks/toneelaanwysings in hierdie uittreksel aangedui? (1)

16.2.2 Wat is die funksie van die neweteks/toneelaanwysings in hierdie drama? (1)

16.3 Wat is die implikasie daarvan dat Miem volgens die kursiefgedrukte woord in reël 1 hard praat? (1)

16.4 Miem verwys in reël 8 na *Die onheil*. Haal EEN woord uit reël 1–7 aan wat die onheilsatmosfeer versterk. (1)

16.5 Uit Miem se dialoog (reël 8–12) kan die gehoor baie aflei.

16.5.1 Hoekom maak Miem van sulke kort, onvolledige sinne gebuik? (1)

16.5.2 Miem verwys na die *verstandiges* in reël 9. Motiveer dat Miem, te oordeel aan die inhoud van die drama, self nié *verstandig* was nie. (1)

16.6 Lees weer reël 8–14.

16.6.1 Is Miem se optrede en woorde teenoor Meisie in die drama deurgaans presies dieselfde? Motiveer jou antwoord met 'n duidelike bewys. (2)

16.6.2 Motiveer uit die drama dat Miem nie opreg is wanneer sy vir Meisie 'n man wil kry nie. (1)

16.7 *Die ander honderd-en-sewentig is heeltemal vol en toegewerk* (reël 17–18).

16.7.1 Waarom was dit nie vir Miem die moeite werd om so hard te werk nie? (1)

16.7.2 Teen watter milieu vind hierdie gesprek tussen Meisie en Miem plaas? (1)

16.7.3 Op watter manier probeer Meisie en haar ma hierdie omstandighede verbeter? (1)

**EN**

**TEKS 2**

| | |
|---|---|
| KONSTABEL: | Dit is omdat dit so laat is. As dit baie laat word, kan ek altyd sien. |
| MEISIE: | Regtig? |
| KONSTABEL: | Ja. En ek is bly ek kan sien, want nou kan ek vir jou sien. En jy is baie mooi. |
| MEISIE: | *(verwonderd)* Is ek? |
| KONSTABEL: | Jy is. |
| MEISIE: | *(verleë)* Jy het mos gesê sonder skoene. |
| KONSTABEL: | Ja. *(trek die gordyne opsy)* Dis net reg so. *(Maak die venster oop)* |
| | *Sirkusmusiek word gehoor.* |
| MEISIE: | Asseblief! Maak toe die venster. Ek mag nie die musiek hoor nie! Asseblief. |
| KONSTABEL: | Net vir ’n rukkie. Daar trek so ’n soet luggie. *(Glimlag)* |
| MEISIE: | *(druk haar hande oor haar ore)* Die musiek is so hard. Ek mag dit nie hoor nie. |
| | *Die KONSTABEL maak vinnig die deur oop. Die musiek is nou harder.* |
| MEISIE: | Nee! Maak toe die deur! Maak toe die deur! (*Hardloop na die deur)* |

16.8 Kies die eienskap in KOLOM B om by 'n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (16.8.1–16.8.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 16.8.1 | Miem ... | A | dra eienaardige klere en maak musiek. |
| 16.8.2 | Meisie ... | B | is manipulerend en beïndruk ander maklik. |
| 16.8.3 | Gertie ... | C | voel ondergeskik en smag na vryheid. |
| 16.8.4 | Konstabel ... | D | is hardwerkend en dominerend. |
| | | E | is eensaam en smag na manlike aandag smag. |

(4)

16.9 Meisie tree in hierdie uittreksel (TEKS 2) baie anders op as aan die begin van die drama (TEKS 1).

Verduidelik die verandering wat plaasgevind het. (2)

16.10 Waarom staan Meisie net as Meisie bekend en nie as Margareta nie? (1)

16.11 Waarom is Meisie se reaksie in reël 3, 6 en 8 geloofwaardig? (1)

16.12 Watter simboliek heg Meisie se ma aan die sirkusmusiek? (1)

16.13 Lees weer reël 16–19.

16.13.1 Konstabel maak die deur oop, maar Meisie wil dit toemaak. Hoe sluit hierdie kontrasterende handeling by die tema van die drama aan? (1)

16.13.2 Beïnvloed Konstabel vir Meisie positief of negatief? Motiveer jou antwoord. (2)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou